Donderdag **1 Augustus**

**Skrifgedeelte: Genesis 14:8-20**

**Fokusgedeelte: Genesis 14:19-20 (AFR53)**

**God moet geprys word omdat Hy sy almag tot voordeel van sy kinders aanwend!**

Dit is ’n troosvolle gedagte dat ons ’n almagtige God dien. Dit beteken ons kan moed skep wanneer dinge swaar gaan, want ons God is almagtig. Hy kan enigiets doen. Niks is te groot of te moeilik vir Hom nie. Hy het byvoorbeeld net gepraat en daarmee het Hy ’n heelal geskep. Hy is die Allerhoogste, die almagtige Skepper, daarom moet Hy geprys word!

Ons lees dikwels in die Bybel dat God sy almag aanwend tot voordeel van sy kinders. Gewoonlik in gevalle waar Hy sy kinders uit moeilike en gevaarlike omstandighede moet red, toon Hy sy almag. Ook hier waar Abram die ontvoerde Lot uit die kloue van konings en hulle leërs moet gaan red met net meer as 300 man. Die oorwinning is duidelik die werk van die almagtige God. Daarom sing Melgisedek ’n loflied in vers 19-20 waarin hy die Allerhoogste prys vir die verlossing wat Hy bewerk het deur Abram se teenstanders in sy hand oor te lewer.

Die heel beste voorbeeld waar God sy almag aanwend om sy kinders te verlos, is natuurlik in die sterwe en opstanding van Jesus Christus. In sy almag wek die Vader sy Seun op uit die dood. In sy almag oorwin ons Here Jesus die dood deur op te staan uit die dood. In sy almag verpletter die Vader die werke van die bose. In sy almag wek die Gees die gelowiges op tot ’n nuwe lewe van gehoorsaamheid en dankbaarheid.

Daarom: Wanneer dit swaar gaan, kan ons op ons almagtige hemelse Vader vertrou om uitkoms te gee. Wanneer ons sy almag in ons lewens ervaar, kan ons lofliedere sing en Hom dank met ’n lewe van diens en dankbaarheid.

*Sing: Psalm 46-1:1*

*Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord en Aros)*